

11 Julie 2013

**Skrifgedeelte: Handeling 2:1-13**

**Fokusgedeelte: Handeling 2:2**

**Die Gees het gekom soos 'n binnenshuise stormwind, maar het nie binne gebly nie**

'n Stormwind wat buitekant jou huis woed, is al klaar 'n verskynsel wat jou aangryp. Kan jy dink hoe dit is as die geluid van die stormwind die hele huis vul en daar ook nog tonge van vuur gesien word wat verdeel en op elkeen wat daar is, kom? So het God natuurlike, sintuiglik-waarneembare skeppings gebruik om die uitstorting van sy Gees te bevestig. Waarom wind en vuur?

Wind en vuur getuig van die bonatuurlike, kragtige werking van God. Johannes die Doper het al getuig dat Jesus die Een is wat "met die Heilige Gees en met vuur doop" (Matt. 3:11). Die doop met die Heilige Gees kan ons nie ontken of namaak nie. Wie dit ontken, probeer ontken dat daar 'n stormwind in die huis woed. Wie dit probeer namaak, sal van homself 'n gek maak. Wind en vuur word wel oor hulle vernietigende krag gevrees. In die bedeling van die Gees kry dit egter ook 'n positiewe betekenis. Hy kom nie net om die ou aarde met sy sonde te vernietig nie. Hy lei ons ook in 'n nuwe bedeling in wat soos 'n veldbrand versprei, deur die wind aangedryf.

Die spontane reaksie van hulle wat die Gees ontvang, moet ons ook nie ontglip nie. Soos die "tonge" van vuur hulleself verdeel het en op "elkeen gaan sit" het, het elkeen se tong ook los geraak om van "die groot daad van God" (vs. 11) te getuig. Die storm wat binne die huis ontstaan het, het buite hoorbaar geword en 'n samedromming van mense veroorsaak.

As ons die Gees van God ontvang en Hom net vir onself probeer hou, kan ons net sowel 'n binnenshuise storm probeer binne hou. Dan is dit nie die Gees van God nie, maar ons eie namaaksel.

*Sing: Skrifberyming 8-2:5-9*

*Ds. JA Schutte (Sasolburg)*